NUUSBRIEF 13

Die tweede kwartaal van 2016 het baie welkome reën gebring! Ons is dankbaar teenoor ons Liewe Vader vir soveel genade en seën.

LEERDERSAKE

Graad 8's:

Ons Graad 8's het nou mooi aangepas en die nuwe lywe begin ontspan! Ons wens hul in die besonder voorspoed toe met hul eerste eksamen in die hoërskool.

Koshuisdinee:

'n Rekordgetal van 300 leerders het die koshuisdinee, met die tema "Mafia", bygewoon. Hierdie funksie is 'n hoogtepunt op die sosiale kalender van ons koshuis. 'n Spesiale woord van dank aan ons koshuishoofdogter, Berdene Durr, en die prefekte vir die reëlings. Dankie ook aan die graad 8's wat gehelp het met die bediening.

Snoepie:

Ons beplan om die snoepie by Huis McFarlane eersdaags weer in bedryf te stel.

DISSIPLINE

Moedig asseblief u kind aan om te let op hul gedrag en optrede teenoor mede-inwoners. Boeliegedrag – veral onder die graad 9-seuns – is tans 'n onderwerp wat op beheerliggaamvlak groot aandag geniet. Neem asb kennis dat koshuisleerders wat hulle aan boeliegedrag skuldig maak, nie langer in ons koshuise gehuisves sal word nie. Respekteer ander te alle tye. Dissipline gee orde en struktuur aan ons koshuise en skep 'n veilige omgewing vir almal. Ons superintendente by beide koshuise het 'n ongelooflike groot taak. Kom ons almal ondersteun hulle daarin. Baie dankie aan ons superintendente – mnre De Wet en Eksteen en mevv. Momsen en Van Wyk – vir die groot werk wat hulle doen ten spyte van die geweldige akademiese- en ko-kurrikulêre las wat hulle reeds moet dra.

FINANSIES

Onthou asb. dat koshuislosiesgelde vooruitbetaalbaar is. Baie dankie aan die ouers wat hul verpligtinge stiptelik nakom. Baie dankie aan mev Koeka Dedekind vir die nougesette uitvoering van hierdie belangrike taak.

INFRASTRUKTUUR

KALAHARI VISSER

Die bouwerk vorder goed en die kontrakteurs is op skedule. Hulle begin nou met die afrondingswerk.

Opgradering van die buitegeboue word ook vir later vanjaar beplan.

Hartlike dank aan ons instandhoudingspan o.l.v. mevv Estie Oberholzer en Chrissie Kemp vir die stelselmatige opgradering van ons koshuise.

HUIS McFARLANE

Vensterrame - Die opgradering van die vensters sal stelselmatig plaasvind. Die ou staalrame aan die seunskant word vervang met aluminiumrame wat 'n groot verbetering is. Spaanse diefwering sal op die grondvloer aangebring word om diefstal deur kamervensters te ontmoedig.

Gordyne - Die tweede fase in die vervanging van gordyne aan die dogterskant is suksesvol afgehandel en die nuwe gordyne word nou gehang. Ons rig 'n vriendelike versoek aan die dogters om nie voortaan meer hul eie gordyne te bring nie aangesien al die kamers nou oor netjiese gordyne sal beskik.

Die gange en portale aan die seunskant is geteël.

HUISHOUDING:

Die bereidwilligheid van die dogters om te help met die opskep tydens etes word hoog op prys gestel. Dit help verseker om etes vlot te laat verloop.

Die kombuise is nou gereed met die wintersspyskaarte. Dankie aan mev Olivia de Waal en al die kombuispersoneel vir hul moeite om te verseker dat ons kinders lekker kan eet.

PERSONEEL:

Twee koshuispersoneellede het sedert ons laaste nuusbrief afgetree. Ons innige dank aan mevv Clara Pieterson en Elsabe Maxala vir 3 dekades se harde werk en toewyding in diens van ons koshuise.

KOMMUNIKASIE EN BEMARKING:

Die Opedag op 3 Februarie 2016 is in groot getalle bygewoon. Die keurings- en toelatingsproses het vanjaar besonder glad verloop en is suksesvol afgehandel. Ons sien uit om hierdie groep leerders in 2017 by ons te verwelkom.

'n Streeksaamtrek word beplan vir die Overberg. Hierdie funksie vind plaas op 17 Mei 2016 om 18h30 te Rûens Kollege. Alle voornemende ouers, asook oud- en huidge Gimmies word genooi om 'n gesellige aand saam met ons te kom geniet. RSVP teen 13 Mei 2016 aan mev Kotie du Toit 0761901793.

Koshuisgroete

André Oberholzer

KOSHUISHOOF

BELANGRIKE DATUMS

20—22 Mei 2016
Uitnaweek

16 Junie 2016
Jeugdag

17 Junie 2016
Skole vakansiedag

24 Junie 2016
Skool sluit

18 Julie 2016
Skole begin